**Donderdag 14 September**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18-25**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:18**
**Jesus Christus is jou enigste lewensroete**

Ons leef in ’n wêreld waarin die menslike rede baie hoog aangeskryf word. Die mens is konstant besig met hoe hy homself kan verbeter en ’n beter toekoms kan skep. Hierdie denke word dan die lewensmantra waarvolgens die mens leef en sy toekoms bou.

Die Christelike leefwyse is totaal vreemd vir hierdie wêreld en sy mense. Dikwels hoor of lees jy opmerkings teenoor Christene, soos: “Kom tog net by, ons leef in die 21ste eeu”, of: “Glo jy werklik wat in die Bybel staan; iets soos die maagdelike geboorte of Jesus Christus wat uit die dood uit opstaan. Dit kan tog nie.” Dit is niks nuuts nie. Kyk wat staan in 1 Korintiërs 1:18: “Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.” Wat is die boodskap van die kruis?

- Alle mense is sondig. Daar is niemand regverdig nie.
- Geen mens kan vir sy eie sondeskuld betaal of sy saligheid deur goeie werke verdien nie.
- Jesus Christus het vir die sondeskuld van elke gelowige aan die kruis betaal.
- Hy het die mag van die dood verbreek en uit die dood opgestaan.
- Hy het die gelowige met God versoen (Rom. 3 en 5).

Dit is vir die wêreld onsin. Hy vertrou op menslike kennis en soek sy hulp daarin. Die mens met al sy kennis was nog nooit in staat om God te leer ken of in ’n persoonlike verhouding met Hom te tree nie. Juis dit wat vir die wêreld onsin is, is vir die gelowige die krag van God waardeur hy God leer ken en in ’n persoonlike verhouding met Hom tree. Jesus Chrisus is jou enigste lewensroete.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5*
*Dr. PJ Vermeulen Peet (Wapadrant)*